# begrafnisformulier

**VERWELKOMING:** Verwelkom die familie en geliefdes van die afgestorwene

**FINALE BESIGTIGING:** Slegs diegene wat graag die afgestorwene wil besigtig (NIE AANRAAK NIE)

**GEBORE:** ________________________________ **HEENGEGAAN:** ________________________________

## inleiding en kerkdiens

In geval van die dood verklaar die kerk, met volle vertroue, dat God elke persoon geskep het met die ewige lewe as doel en dat Jesus Christus die Seun van God, by Sy dood en opstanding, die kettings van die sonde en dood oor die mensdom gebreek het. Christene gedenk die begrafnisformulier om lof, prys en dank aan God te offer vir die gawe van die lewe wat nou sy doel vervul het hier op aarde.

Die herdenking van die Christelike begrafnis bring hoop en berusting aan die naasbestaandes van die afgestorwene. Die dood bring berusting en beklemtoon die verganklikheid van ons tydelike bestaan hier op aarde. Die woord van God verklaar dat die mens net een maal sterf en daarna bestem is vir die oordeel.

Ons liggaam as aardse tabernakel of tentwoning is tydelik en onderworpe aan verandering. Siekte, swaarkry en die aanvalle van die Satan beklemtoon ons verganklikheid en beperkinge as mens. Ons is nieteenstaande meer as net liggaam. Die woord van God verklaar dat ons geskape is na die beeld van God wat Gees is en dat ons liggaam die huisvesting van ons siel en gees is. Ons sal net soos God wat Gees is vir ewig lewe. Die goeie nuus en verblydende hoop vir alle gelowiges in Jesus Christus is dat afwesigheid van liggaam, die teenwoordheid van God verseker. Vir die Christen is die dood ’n aanduiding van ’n hemelse toekenning en prys wat behaal is. Kosbaar in die oë van die Here is die dood van die regverdige.

Die dood veroorsaak hartseer in die lewens van familie en vriende. Dit is die verantwoordelikheid van die gemeenskap om naasbestaandes te bemoedig met woorde van hoop en bystand in hul behoeftes en alledaagse lewe. In ooreenstemming met die woord van God is ons verheug saam met die wat verheug is en treur ons saam met die wat treur, met die doel om die naasbestaandes te bemoedig en te versterk. Ons het ’n lewende hoop en ’n vaste vertroue dat ons, ons geliefdes weer sal sien.

In die woorde van Jesus: “Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe.”

## volgorde van diens

| | |
|---|---|
| 1. Openingsgebed | |
| 2. Eerste lied | |
| 3. Tweede lied | |
| 4. Voorlesing uit die woord | |
| 5. Bediening uit die woord: | bied geleentheid vir verlossing en gebedsbehoeftes |
| 6. Musiek item: | solo of musiekitem welkom |
| 7. Huldeblyk | |
| 8. Ter nagedagtenis: | familie en vriende praat kortliks oor afgestorwene. |
| 9. Woord van dank | |
| 10. Laaste seënwense | |
| 11. Familie beweeg eerste uit: | mense beweeg uit kerk na graf |
| 12. Kis draers word aangekondig: | draers uit die kerk en draers na die graf |
| 13. Uitnodiging aan familie en vriende: | nooi vir drink en eetgoed indien van toepassing. |
| 14. Rig versoek aan gemeente: | kopligte van motors moet aangeskakel word terwyl mense. Na graf beweeg |

## by die begraafplaas:

1. Openingsgebed
2. Eerste lied
3. Teks gedeelte:
4. Ter aarde bestelling
5. Blomme — familie en vriende kry geleentheid om blomme op die graf te strooi.
6. Sand: — familie en vriende kry geleentheid om sand op die graf te strooi.
7. Seënwense ter afsluiting: — terwyl begrafnisondernemer en span die graf opvul.

## aanbevole teksverse

Job 19:1,23-27; Jesaja 25:6a,7-9; Daniël 12:1-3; Handelinge 10:34-43; Romeine 5:5-11; Romeine 17-21; Romeine 6:3-9; Romeine 8:14-23; Romeine 8: 31-39; 1 Korintiërs 15:20-28, 51-57; 2 Korintiërs 4:14 - 2 Korintiërs 5:1-10; Filippense 3:20-21; 1 Tessalonisense 4:13-18; 2 Timoteus 2:8-13; 1 Johannes 3:1-2; 1 Johannes 3:14-16; Openbaring 20:11 – Openbaring 21:1-7; Matteus 5:1-12; Matteus 11:25-30; Matteus 25:1-13; Matteus 25:31-46; Markus 15:33-39; Lukas 7:11-17; Lukas 12: 35-40; Lukas 23:44-46, 50, 52-53; Lukas 24:1-6, 13-35; Johannes 5:24-29; Johannes 6:37-40, 51-58; Johannes 11:17-45; Johannes 12:23-28; Johannes 14:1-6; Johannes 17:24-26; Johannes 19:17-18, 25-30.